

20

GAWES

My werk in die liggaam

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God doen sy werk op aarde deur gelowiges met gawes en talente toe te rus.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- weet dat almal die een of ander gawe ontvang het.
- insien dat hulle gawes bruikbaar is in die Kerk en buite die Kerk.

Gesindheid

- Die kinders moet bereid wees om hulle gawes in belang van God en ander aan te wend.

Vaardigheid

- Die kinders moet prakties hulle gawes gaan aanwend.

MEER INLIGTING (Romeine 12: 4-8; 1 Korintiërs 12: 14-31)

Al die ledemate van ons liggaam is ewe belangrik. Daar is nie een deel wat nie nodig is nie. Mense wat byvoorbeeld sekere ledemate verloor in 'n ongeluk, kom baie gou agter hoe belangrik daardie ledemate was. Vir 'n goeie lewe, om gemaklik te kan werk en lekker te kan speel, is dit goed as al die dele van ons liggame goed werk.

Wanneer 'n mens 'n dowe of blinde mens ken, of persone wat 'n arm of 'n been verloor het, besef jy dat daar 'n gemis in so 'n persoon se lewenskwaliteit is. Alles funksioneer nie so flink en goed soos toe hulle nie die verlies gehad het nie.

In die kerk is dit ook so. Ons almal in die kerk vorm saam die liggaam van Christus, sê die Bybel. Dit beteken dat ons almal ledemate van Jesus se liggaam is. Dit is waar die woord *lidmaat* vandaan kom. Elkeen is nodig en elkeen het iets belangrik om te doen. As ons God se werk moet

doen in die gemeente en in die wêreld, as ons na mekaar en na alle mense moet omsien en mekaar moet versorg, het ons mekaar nodig. En belangrik: Elkeen is nodig, al is die bydrae hoe klein of hoe gering. Die een kom nie maklik sonder die ander een klaar nie.

Daar is baie dinge wat 'n gemeente in die Kerk en in die wêreld moet doen. Daar moet 'n kerkgebou wees wat in stand gehou moet word; die koster en al sy helpers doen dit. Daar moet mense wees wat in die Kerk se kantoor werk; die kassier, skriba en sekretariële beampte doen dit. Die orrel moet gespeel word; dit is die orrelis se werk. Die dominee preek en doen huisbesoek. Die ouderling en die diakens versorg die lidmate in die wyke. Daar is baie ander werk soos bejaardes wat versorg moet word, armes wat gehelp moet word, kinders moet gekatkiseer word, mense wat die Here nie ken nie, moet van Hom vertel word, Bybels moet gemaak en versprei word, en nog baie ander werk. Só baie! Elkeen se talente en hulp is nodig.

Niemand kan ooit sê ek weet te min en het te min en kan te min – daarom hoef ek niks te doen nie. Selfs jong kinders kan die belangrikste werk doen. Dit is om van Jesus se liefde te vertel. Lees ook Romeine 12: 4-8 en 1 Korintiërs 12: 14-31 om te sien watter gewes daar alles is.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

- Laat die kind wat moes voorberei, open deur Romeine 12: 4-8 te lees.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat van die kinders die teksvers opsê wat hulle geleer het. *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê* (Johannes 3: 16).
- Laat enkele kinders die verhaal vertel van Jesus se geboorte waarvan hulle geleer het.
- Laat hulle die een versie lees van die Kersgesang wat hulle neergeskryf het.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Het jy al ooit 'n spier verrek of jou vinger in die deur raakgeslaan? (Die kinders kan kommentaar lewer.) As enige deel van jou liggaam seer is, beïnvloed dit jou hele handel en wandel. In Romeine en Korintiërs word daar aan ons vertel dat die liggaam sonder een enkele lid nie honderd persent kan funksioneer nie.

Mense wat in 'n ongeluk was en ewe skielik verlam word, vind dit baie moeilik om aan te pas by hulle nuwe omstandighede. Daarom word lidmate wat in die kerk saamwerk, met 'n liggaam vergelyk. (Laat die kinders vertel hoe hulle al seergekry het en hoe dit hulle bewegings belemmer het.)

IETS INTERESSANT

Bestudeer die besonderhede by MEER INLIGTING. Verduidelik aan die kinders wat daar staan deur die onderstaande feite te beklemtoon:

- Al die dele van ons liggame moet goed werk.
- In die kerk is dit ook so.
- Dit beteken dat ons almal dele of ledemate van Jesus se liggaam is.
- Elkeen het iets belangrik om te doen.
- Ons het mekaar nodig.
- Daar is baie dinge wat 'n gemeente in die Kerk en in die wêreld moet doen.
- Die kerkgebou moet in stand gehou word; die koster en al sy helpers doen dit.
- Daar moet mense wees wat in die Kerk se kantoor werk; die kassier, skriba en sekretariële beampte doen dit.
- Die orrel moet gespeel word; dit is die orrelis se werk.
- Die dominee preek en doen huisbesoek.
- Die ouderling en die diakens versorg die lidmate in die wyke.
- Daar is baie ander werk, soos: bejaardes moet versorg, armes gehelp, kinders gekatkiseer en Bybels vertaal, gedruk, gebind en versprei word.
- Selfs jong kinders kan die belangrikste werk doen deur van Jesus se liefde te vertel.

IETS BELANGRIK

- Gee geleentheid aan die kinders om van hulle gawes en talente te vertel.
- Lei hulle om raak te sien dat elkeen die een of ander ding goed kan doen.
- Laat hulle dit bespreek, en lei elkeen om te besluit wat hy of sy dink hulle in die gemeente kan doen. Laat elkeen sy eie besluit neerskryf.
- Lees Romeine 12: 4-8 en 1 Korintiërs 12: 14-31 aan die kinders voor.

IETS OM TE DOEN

Gebruik bogenoemde Skrifgedeeltes en lei die kinders om die onderstaande tabel in te vul. Vra die dominee om teenwoordig te wees en kortliks aan die kinders te verduidelik wat elke gawe beteken.

Skrifgedeelte	Gawes
Romeine 12	Om die boodskap te verkondig.
	Om te dien/help.
	Om onderrig te gee sonder enige bybedoelings.
	Om leiding met toewyding te gee.
	Om hulp aan te bied sonder om iets terug te verwag.
	Om blymoedig te wees.
1 Korintiërs 12	Wysheid aan ander oor te dra.
	'n Woord van kennis te hê.
	Die gawe van geloof te hê.
	Gesondmaking.

	Om die gawe van onderskeiding te hê.
	Om wonders te doen.
	Om in tale te kan praat.

BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende tuis doen en leer.

DOEN

- Laat die kinders gaan nadink oor die gawes en talente wat hulle van die Here ontvang het en 'n paar daarvan neerskryf.
- Laat hulle hulle ouers vra of hulle saamstem en of hulle nie dink hulle het nog meer gawes nie.
- Laat hulle na hulle besluit by IETS BELANGRIK gaan kyk, saam met hulle ouers besluit of daar iets anders ook is, en dit neerskryf.
- Laat hulle die dominee gaan vra waar hulle met hierdie talente in die gemeente betrokke kan raak.
- Laat die kinders met hulle ouers se toestemming klein gesinsfoto's saambring vir die klasaktiwiteit. Hierdie foto's gaan vasgeplak word.
- Bring jouself betyds op die hoogte van wat nodig is vir volgende week.

LEER

Hieronder word 13 verskillende gawes wat ons van God ontvang, genoem. Laat hulle minstens vyf daarvan leer.

Ons lees in Romeine 12 van die volgende gawes:

- Om God se boodskap te verkondig.
- Om te dien.
- Om onderrig te gee.
- Om leiding te gee.
- Om hulp aan te bied sonder om enigiets terug te verwag.
- Om blymoedig te wees.

In 1 Korintiërs 12 lees ons van die ander gawes:

- Om wysheid oor te dra.
- Om kennis te hê.
- Om geloof te hê.
- Om ander gesond te maak.
- Om wonders te kan doen.
- Om in tale te kan praat.
- Om regte en verkeerde dinge van mekaar te onderskei.

AFSLUITING

Die dominee sluit af met gebed.